Laerskool Helderkruin

h/v Banketrylaan & Ruhamahstraat, Helderkruin
www.kruiners.co.za T: 011 764 2506

Kruiner Ouers

Hiermee ons laaste Kruiner Klets vir hierdie kwartaal. Ons wil graag vir almal baie dankie sê vir 'n besige kwartaal waar ons, weereens, baie seëninge ontvang het. In besonder wil ons die volgende mense bedank:

Leerders – baie dankie vir julle harde werk gedurende die kwartaal.

Ouers – baie dankie vir u ondersteuning gedurende dié besige kwartaal.

Personeel: Onderwysers, Administratiewe personeel en Algemene Assistente - baie dankie vir u harde werk en lojaliteit teenoor ons leerders en ouers.

Die volgende Kruiner Klets verskyn op 23 Julie 2018.

Skoolure:

Vir die laaste week van die kwartaal verdaag die leerders as volg:
Gr RR - 3 verdaag om 12:45
Gr 4 - 7 verdaag om 13:00
Skool verdaag Vrydag, 22 Junie om 09:45. Leerders mag gewone klere aantrek. ISF (Gr 4-7) pak die eerste 3 periodes se boeke in. Kruiner Naskoolsentrum sal vanaf 09:45 leerders afhaal. Daar is geen wagklasse.

Skoolverlaters

Indien daar enige kinders is wat die skool verlaat aan die einde van hierdie kwartaal, moet die aangehegte skeurstrokie voltooi en aan die skool terugbesorg word asseblief. Onthou om u inligting op die d6 te deregistreer sodat u nie meer boodskappe van die skool ontvang nie.

Belangrike Datums

18 Junie

- Juniorkoor oefen 12:00-13:00

20 Junie

- Juniorkoor oefen 12:00-13:00
- Kinderkoor oefen 13:00-15:00

20 - 23 Junie

- Rugby: GLRU o.12 (Vryheid)

22 Junie

- Skool sluit 09:45, leerders trek gewone klere aan
- Krieket: Camp Discovery tot 25 Junie

24 - 27 Junie

- Rugby: o.13XV (Sasolburg)

28 - 30 Junie

- Rugby: o.13 Oefenkamp (Monument)

1 - 6 Julie

- Rugby: o.13 Cravenweek (Kimberley)

5 – 7 Julie

- Hokkieklinieke te Noordheuwel

17 Julie

- Skool heropen

Sportnuus

Netbal

Baie geluk en dankie aan al die netbaldogters wat aan die KHS toernooi deelgeneem het. Dankie ook aan al ons ouers vir u ondersteuning, dit word baie waardeer.

Rugby

Baie geluk aan al die rugbyseuns wat onderskeie wedstryde gespeel het. Dankie aan ons seuns vir pragtige spel en mooi sportmangees. Dankie ook aan al ons ouers.

Gr RR/R Personeel aan diens

Mee. Leandri Basson(Gr RR), Mariaan Deneys en Lizette Kruger(Gr R) is die week aan diens vanaf 06:45.

C. Schutte en redaksie

Hoof

Skeurstrokie A: Skoolverlaters

Ek, die ondergetekende ..... ouer/voog van ..... in Gr .... bevestig hiermee dat my kind die skool verlaat aan die einde van die Tweede kwartaal.

Handtekening: .....

Uitreik & Omgee

Ons versamel die broodsakkie-gespes om sodoende 'n rolstoel te kan skenk. Stuur asseblief die gespes (knippies) na Juf Botes se klas. By voorbaat dankie.

Vinnige Feite

Heuningbye klap hulle vlerke sowat 11400 keer per minuut. Dit veroorsaak die zoem-geluid waarvoor bye bekend is.

Gedagte vir die dag

"Aan U beloftes hou ek vas dit weerhou my van sonde teen U."

Ps 119:11

Geklassifiseerde Advertensie

Kennisgewing – hierdie advertensies word nou direk op die d6 Communicator van die skool gelaai.

Koste beloop steeds R250 per maand en daar is nou geen beperking op aantal woorde of kleur/teks nie. Advertensie-formaat is “pdf” / “jpg” of “png”.

Besoek gerus die d6 – Bronne – Advertensies.

Om u advertensie te plaas, stuur gerus ‘n epos aan hanli-mari@kruiners.co.za